
Publication: Burger (Oos Kaap)
Date: Tuesday, February 09, 2021
Page: 4



**Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, haar man, Edwin de Lille, en hul seun, Alistair.**

# Patricia de Lille se man (72) oorlede ná 'n lang siekte

**Warda Meyer**


Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, se man, Edwin de Lille, is Sondagaand oorlede nadat hy lank siek was.

Die De Lille-familie het die hartseernuus gister bekend gemaak dat Edwin de Lille (72) op 7 Februarie dood is.

De Lille en haar man was 49 jaar lank getroud en het een kind, Alistair.

De Lille bring in 'n verklaring hulde aan haar man as 'n liefdevolle vader en 'n man wat haar gedurende haar politieke loopbaan ten alle tye ondersteun het, terwyl hy haar die vryheid gegee het om haar werk ten volle te doen om die land te dien.

"Ons huwelik is op respek gebou. Eddie was 'n vennoot in die ware sin van die woord en hy het my nooit verhinder om my oortuigings te volg nie. Daar was respek en ondersteuning tot in sy laaste dae en ek sal hom baie mis," het De Lille van haar lewenslange vennootskap met haar man gesê.



**Edwin de Lille**

Die Good-party het hul medelye met die gesin betoon en hul innige meegevoel met die partyleier uitgespreek.

"Aunty Pat was 49 jaar met Eddie getroud. Mag sy en hul seun, Alistair, krag put uit die liefde en ondersteuning van goeie mense oor die land heen," sê die party in 'n verklaring.

"Hulle sal nooit alleen loop nie. Mag Eddie in vrede rus," sê die party.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.